# Tjokkies Jaarverslag

# 2025

**Inleiding:**

Vandag staan ons hier aan die einde van ’n besige, uitdagende maar ook vreugdevolle jaar in die lewe van ons skool. Vyf en vyftig jaar staan die skool hier. Soos bouers wat elke dag klippe aanlê, het ons en ons voorgangers saam gewerk om ’n fondament te lê waarop ons kinders - julle kinders - se toekoms bou.

Baie het gebeur in die afgelope jaar. Hoogtepunte het ons laat glimlag en die laagtepunte het ons moed getoets. Daar was uitdagings wat oorkom moes word, maar dit was deel van die proses om hierdie “bouwerk” te versterk.

***“Onderwys is die sterkste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander,” het Nelson Mandela gesê*** — en nêrens is daardie woorde meer sigbaar as hier op die stoepe en in die klaskamers van ons skool nie.

Wanneer ek terugkyk oor die jaar wat verby is, sien ek nie net roosters, vergaderings of eksamens nie. Ek sien kinders wat gegroei het — in selfvertroue, in kennis en in karakter.

Ek sien onderwysers wat, ondanks uitdagings, met liefde en toewyding bly bou het aan elke kind se toekoms. Ek sien ouers wat hand aan hand met ons gestaan het, veral wanneer dinge moeilik geraak het.

Ek kyk met dankbaarheid terug, maar ek kyk ook vorentoe na die volgende 55 jaar met nuwe energie, want elke les wat geleer is, elke klein oorwinning, elke traan en elke glimlag, het bygedra tot die groter bouwerk van uitnemendheid in onderwys en dit waartoe ons geroep is.

Ons Hemelse Vader het ons geroep om elke dag, elke jaar nuwe bakstene aan te lê in ’n groot gebou. Soms verg dit swaar dra, soms baie stof en baie sweet, maar teen die einde van die dag besef ons daar staan iets besonders — iets wat groei, iets wat bly.

Vandag vier ons nie net die hoogtepunte nie, maar ook die groei wat deur die jaar plaasgevind het.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

# JAARLIKSE SKOOLVERSLAG

## Skooljaar: 2025

| 1. Skoolfinansies | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Uitdagings** | **Opmerkings** |
| Begroting & Bestuur | Omset R18.4 mil vir vanjaar<br>Die hoofbronne van inkomste vir die jaar was:<br>❖ Skoolfonds: R15,8 miljoen<br>❖ Nasorg: R1,26 miljoen<br>❖ Staatsubsidie: R236 980<br>❖ Fondsinsamelings & borge<br><br>Die skool se grootste uitgawes het die volgende ingesluit:<br>❖ BL Salarisse: R8,94 miljoen<br>❖ Water en elektrisiteit: R1,4 miljoen<br>❖ Sekuriteit: R640 000 | • 5% ouers ontvang korting (R790 000)<br>• R610 917 skoolfonds is uitstaande (1 Febr. tot 21 Okt. 2025)<br>• Agterstallige skoolgelde van vorige jare.<br>• Stygende munisipale kostes beïnvloed wat kontantvloei beïnvloed.<br>• Staatsubsidie is net 1,3% van totale begrote uitgawes. | • Kortingaansoeke styg jaarliks.<br>• Wanbetaling van skoolfonds plaas druk op begroting. |

| 2. Borgskappe & Fondsinsamelings | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Aanwending** | **Betrokke borge** |
| Borge | Maak staat op borgskappe uit die gemeenskap.<br><br>Totale inkomste vanuit borgskappe – R 186 000 | • 1ste spanne kleredrag<br>• Addisionele bykomstighede vir junior sportspanne<br>• Gr.1 Sportdag<br>• Hokkie Festival<br>• O/11 & O/13 Kriekettoernooie<br>• Melodrama<br>• Koorbankies<br>• Telbord Container | • ABSA Bank<br>• Aton Finansiële Dienste<br>• Bloemfontein Motors<br>• Checkers<br>• Kia Motors<br>• Magalies<br>• McDonalds<br>• Park Village<br>• OVK<br>• Ander Kleiner Kaalvoetborge |
| Fondsinsamelingsprojekte | Fondse wat deur fondsinsamelings ingesamel is word in 'n ondersteunende fonds inbetaal om te help met verskeie projekte. | • Vermindering van toer- en toernooigelde van spelers.<br>• Ondersteuning van leerders met finansiële uitdagings vir kampe/buitelugskool ens.<br>• Vervoer van leerders.<br>• Bemarking - skoolbus | Die volgende fondsinsamelingsprojekte het 'n totaal van R 652 119 ingebring waarvoor ons baie dankbaar is.<br>➢ Fliekaand<br>➢ Lootjieprojek<br>➢ Kermis<br>➢ Gr.1 Tjokkiedag<br>➢ ABSA Hokkiedag<br>➢ Melodrama - onnies |

| 3. Fisiese Fasiliteite | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Area** | **Betrokkenheid** |
| Opgraderings | Uit fondsinsamelings van 2024 asook reserwegelde is 'n B-rugby/krieketveld asook krieketnette aangelê en opgeknap. | • Vergrote sportterrein<br>• Busloods<br>• Onthaalarea vir besoekende skole | • Buitekontrakteurs wat deur Beheerliggaam aangestel is. |
| Nuwe ontwikkelinge | Deel van vooruitgang is konstante vernuwing en uitbreiding. Heelwat projekte word vir die toekoms beplan. | • Opknapping van Sportbadkamers – tans besig<br>• Sonkrag word beplan vir 2026 | • Buitekontrakteur deur Beheerliggaam aangestel<br>• Gekwalifiseerde firmas. |
| Onderhoud en netheid | Instandhouding moet jaarliks gedoen word en die uitgawes vorm deel van die begroting. Die uitbreiding van die skoolgronde plaas ekstra druk op munisipale uitgawes.<br>Netheid van terrein 'n bemarkingsgeleentheid. | • Vervanging van stukkende ruite<br>• Verfwerk – deurlopend | • Terreinbestuurder en algemene werkers. |

| 4. Beheerliggaam en Ouerkomitee | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Verantwoordelikhede** | **Betrokkenheid** |
| SBL-samestelling en rolle | Beheerliggaam word 3 jaarliks verkies met die volgende verkiesing in Maart 2027.<br>6 ouers (Gr.R ingesluit), 4 onderwysers en 1 admin beampte vorm deel van Beheerliggaam. | • Beheer skool se finansies volgens SA Skolewet.<br>• Opstel en aanpassing van beleide.<br>• Aanbevelings vir nuwe aanstellings.<br>• Regsaspekte. | • Elke BL-lid dien as voorsitter van spesifieke komitees.<br>• Vergader kwartaalliks en op ad hoc basis vir spesifieke geleenthede. |
| Ouerkomitee | Graadverteenwoordigers uit verskillende grade en klasse word aangewys.<br>Vanuit verteenwoordigers word die bestuur verkies met 'n Voorsitter, O/voorsitter en Tesourier. | • Werk nou saam met die skool se skakelbeampte en Ondersteunersklub.<br>• Verantwoordelik vir verkope tydens sportdae en ander geleenthede.<br>• Dien as spreekbuis vir ouers rakende voorstelle/klagtes.<br>• Doen kwartaalliks verslag aan die Beheerliggaam. | • Gr.1 Sportdag<br>• Wesgrow Sportdae<br>• ABSA Tjokkie-Hokkiedag<br>• Kermis |

| 5. Leerdergetalle | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Huidige situasie** | **Resultate** |
| Totale leerdertal | Die skool het vanjaar ‘n kapasiteitsbepaling laat doen. Die skool is as vol geklassifiseer op 869 leerders vanaf Gr.1-7<br>Gr.1-3 het 5 klasse per graad met maksimum van 28 leerders per klas.<br>Gr.4-7 is 4 klasse per graad met maksimum van 34 leerders per graad. | • Skool staan tans op 879 | • Getalle het met 40 leerders gegroei in 2025.<br>• Vooruitsig vir 2026 wys ‘n groei van 21 leerders. |
| Nuwe inskrywings vir 2026 | As gevolg van stygende getalle kwalifiseer die skool vir ‘n addisionele Departementele aanstelling. | • Gr.1 = 134<br>• Gr. 2-7 = 9 | |
| Skoolverlaters / oorplasings 2025 | | • Gr. 7 = 118<br>• Gr.1-6 = 13 | |

| **6. Leerdersake** | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Algemene Inligting** | **Toepassing** | **Wat om in aandag te gee** |
| Dissipline | Dissipline word volgens ‘n waardestelsel aan leerders geleer. Die handhawing van skoolreëls bly egter relevant. Daar word weekliks met leerders tydens saalopeninge daaroor gepraat. | • Onderwysers pas dissipline toe volgens vaste klasreëls wat konsekwent toegepas moet word.<br>• Skool volg ‘n dissiplinebeleid wat gehandhaaf word.<br>• Disa-rekorderingstesel word gebruik vir die aanteken van oortredings. | • Na die aanpassing deur BELA op die SA Skolewet is skole verplig om hul “Gedragskodes vir Leerders” aan te pas.<br>• Tans in die proses. Sal tydens 2026 se Januarie oueraand voorgelê word. |
| Leierskap / Monitors | 36 Gr.7 Skoolleiers (18 seuns en 18 dogters) word jaarliks verkies om onderwysers te help om verskeie take te verrig. | <u>Hoofleiers vir 2025</u><br>• Emma Groenewald - Hoofdogter<br>• Kobus de Witt – Hoofseun<br>• Lizay Griesel – O/Hoofdogter<br>• Nathan Nel – O/Hoofseun | • Ontwikkeling van alle leerders in die Graad.<br>• Leierskapsprogram vir Gr.6-leerders |

| 7. Akademie | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie: Grondslagfase** | **Algemene Inligting** | **Uitkomste** | **Uitdagings** |
| Doelwitte<br><br>a) Elke leerder se volle potensiaal te ontwikkel.<br><br>b) Leesvaardighede te verbeter.<br><br>**c)** Leerders te bemagtig vir die volgende graad. | Ondersteuningsonderrig speel 'n prominente rol en verleen hulp aan leerders en hul ouers.<br><br>Gereelde terugvoer aan ouers is belangrik. | • Kleiner klasse maak dat leerders meer intensiewe aandag kry.<br><br>• Leesvaardighede is prioriteit en benodig gereelde oefening. | • Laatkommery van leerders in klasse. |
| Departementele besoeke | Departement wys nuwe Leerder fasiliteerder aan: Me. Anita Knoester.<br><br><u>Aktiwiteite en funksies</u><br>a) Ladies en Laaitiesdag<br>b) Hardopleesdag<br>c) Interne Spelkompetisie | • Ontvang positiewe verslag. | • Gr. 3 moderering<br>EGRA – leesinstrument. |
| **Intersenfase** | Formele en Informele assesserings vind deurlopend plaas.<br><br>Toetsweke in kwartaal 1 en 2 en Eksamens kwartaal 2 en 4.<br><br>Klastoetse, opdragte en take in kwartaal 3 vorm die basis van leerders se akademiese punte. | • Top 20 akademiese erkenning na afloop van kwartaal 1.<br><br>• Erkenning vir progressiewe akademiese vordering en top 20 akademiese prestasies na afloop van kwartaal 3 en 4.<br><br>• Deelnames en erkenning van leerderprestasies aan ATKV | • Onderbreking in dagprogram weens druk buitemuurse program.<br><br>• Wisseling van personeel.<br><br>• Wisselende jaarlikse skoolkalender. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Gereelde terugvoer word gegee aan die Beheerliggaam en Departement om skole se akademiese vordering te monitor. | Spelkompetisies, Nautilus, Olimpiades + Conquesta. | |
| Interne programme / Ekstra klasse | Intervensie en ekstra klasse in hoofvakke na elke toetsreeks en eksamen word vir die leerders aangebied. | • Leerders wat sukkel word na die Remediërende afdeling verwys vir moontlike konsessies. | • Swak bywoning van leerders vir hierdie ekstra klasse. |
| Onderwyserontwikkeling | Departementele "Start up"-werkswinkels word in Kwartaal 1 bygewoon met gereelde opvolg-sessies deur Departement deur die loop van die jaar.<br><br>Kwaliteit opleidingsessies deur die SAOU word ook deur die loop van die jaar bygewoon. | <u>Personeel woon ook die volgende motiverings- geleenthede by</u>:<br>• Januarie - Is onderwys nog die moeite werd? Dr. Gillian Arendse<br>• Junie – Werksprofiel ontleding, Tall Trees, Maryka de Bruin | Baie van die opleidingsgeleenthede vind tydens skoolure plaas wat beteken dat die onderwyser nie by die skool is nie. |
| Ondersteuningsonderrig | RO leerdergetalle van Gr. 1 – 6: 146<br><br>Konsessie leerdergetalle: 50<br><br>Juf. Lianza Grobler sluit vanaf 2de kwartaal aan by die RO-Afdeling.<br><br>Leerders word ontwikkel en ondersteun met leerhindernisse in tale, gesyferdheid en perseptuele vaardighede.<br><br>Deurlopende aansoeke word gestuur na die Inklusiewe Onderwysdepartement vir | Tjokkies RO-Afdeling word gevra deur die Inklusiewe Onderwys Departement om uitreike te doen na plaasskole en vandaar hul RO-afdeling op die been te bring!<br><br>**Kursusse bygewoon:**<br>• 5 Feb: Martie du Plessis Skool verwysingstelsel en opleiding.<br>• 27 & 28 Feb: "Inclusive Psychosocial Support Training"<br>• 3 Mrt: Konsessie opleiding | • Konsessie aansoeke is baie.<br><br>• Moet gebruik maak van addisionele buite persone wat konsessies kan aflê.<br><br>• Ekstra finansiële las op ouers van hierdie leerders. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | leerderinskakeling, konsessies asook spesiale onderwys. | • 21 Junie: Sensoriese slim klaskamers.<br>• 2 Aug: “Autism Awareness”<br>• 14 Aug: “(DASH-11) Detailed Assessment of Speed of Handwriting. | |
| Biblioteek | Die biblioteek trek ‘n nuwe baadjie aan met die hulp van die media-assistente van 2025 se positiewe ouers. | • Vier Afrikaans se 100 ste bestaansjaar.<br>• Heropen amptelik die biblioteek op 26 Mei 2025. | • Die nuwe biblioteek en nuwe boeke kry groot aftrek. Kort egter baie nuwe boeke aangesien alle ou boeke afgeskryf is. Graad 4-7 neem vanaf die derde kwartaal weekliks uit.  Media-assistente help pouses met die uitneemproses. |

| 8. Kultuur | | | |
|---|---|---|---|
| **Subafdeling** | **Algemene Inligting** | **Prestasies / Hoogtepunte** | **Deelname / Betrokkenheid** |
| Voortrekkers | Aksies van die jaar<br>a) Waatlemoenfees<br>b) Gesinsuitstappie (Visvang)<br>c) Herfskamp<br>d) Kommandokamp<br>e) Spesialisasiedag<br>f) PD Voorslag<br>g) Vorie-inter (Trap der Jeugd)<br>h) PD Gebiedskamp<br>i) 4 x Kommando bestuursvergaderings | Hoofleiers vir 2025:<br>Lené de Villiërs<br>Franco Engelbrecht<br>• Suksesvolle deelname en bywoning van Doornkloofkampe asook Kommandokamp.<br>• 7 Graad 7's kamp PD Voorslagkamp, en verwerf 4 Goud en 3 Silwer<br>• Tjokkies tree as hoofkwartier op vir aanbieding van Nasionale Trap der Jeugd-aksie. Ry altesaam 1087 km met fiets. | • 189 ingeskrewe lede<br>• Maandelikse kosvoorsiening aan Eersteling Skool |
| Kore GSF | Koorleier: Jo-Retha Rossouw<br>Begeleier: Hannelie Dippenaar | • ATKV Applous kompetisie GOUD | • 80+ Aktiewe deelnemers<br>• ATKV Applous kompetisie<br>• St Michael's Choir Festival<br>• Verskeie kerkoptredes<br>• Pellissier se familiefees<br>• Tjokkies se koorfees |
| Kore SNR | Koorleier: Jo-Retha Rossouw<br>Begeleier: Marietjie Langenhoven<br>Koördineerder: Louise van Blerk | • ATKV Applous kompetisie SILWER<br>• Koorfees | • Koorkamp<br>• Saaloptredes<br>• ATKV Applous kompetisie<br>• St Michael's Choir Festival<br>• Verskeie kerkoptredes<br>• Pellissier se familiefees<br>• Tjokkies se koorfees<br>• Free State Uncovered te Oorlogsmuseum<br>• Onderhoud by OFM |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | • Cassalegio-aand by Sentraal |
| Musiek | Baie aktiewe Musiekdepartement met 4 permanente musiek-onderwysers.<br>Onderrig in klavier, blokfluit, kitaar, sang en musiekteorie.<br><br>156 leerlinge skakel by die Musiekdepartement in. | • 2 Musiekaande is op 3 en 4 September gehou.<br>• Leerders neem deel aan UNISA praktiese eksamens:<br>4 klavier en 1 blokfluit.<br>2 slaag met eervolle vermelding, 2 met lof en 1 op ererol<br>• Trinity praktiese eksamens. 3 Leerlinge gaan speel<br>• UNISA teorie eksamens. 7 Leerlinge gaan skryf.<br>• | Gereelde optredes by:<br><br>• Redenaars byeenkomste<br>• Gr 1 Inligtingsdag, GSF Prysuitdeling en uitreik na ouetehuis |
| Ritmegroep | Twee oudisiegeleenthede het plaasgevind vir keuring. Daar was baie groot belangstelling!<br><br>Groep bestaan uit 42 leerders seuns en dogters vanaf Gr. 4 – 7. | • Trio Ritmefees te Kroonstad Stadskouburg:<br>Behaal 3de plek in hul kategorie.<br><br>• Rivista Danskompetisie:<br>Behaal 89% en ontvang Goue toekenning. | Optredes en deelname:<br>• Revue/Ritmefeeste: “Curro Dance Festival”<br>• Trio Ritmefees<br>• Hoërskool Sand du Plessis Revuefees<br>• Fichies Opgelug Ritme-aand en “Shine Your Light” voor konsert van Jo Black!<br>• Deelname basaars:<br>Rooi Lentemark en NG Gemeente Fichardtkruin.<br>• Deelname kompetisies: Rivista Danskompetisie.<br>• Optrede in saalperiode vir hul alma mater! |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pom-poms | Baie aktiewe Pom-Pom groep wat dwarsdeur die jaar betrokke was by optredes.<br><br>Vanjaar se groep het uit 20 dogters bestaan.<br>7 Graad 2-leerders en 13 Graad 3-leerders.<br>75 leerders het kom oudisie doen.<br>Kostuums het weer vanjaar baie komplimente ontvang. | • Trio Ritmefees: 1ste plek. Hierdie was ook 'n toer na Kroonstad, wat beslis 'n groot hoogtepunt was.<br>• Curro Dance Festival: 1ste plek (Pre-Junior Wenners)<br>• Rivista Kompetisie: Goud | • Totale hoeveelheid optredes: 14.<br>• Deelname aan verskeie tipes optredes, onder andere 3 kompeterende optredes, 5 basaars, 4 kermisse, Fichies Ritme-aand en Baby Tjoklits-Sportdag. |
| Redenaars<br><br>Grondslagfase<br><br><br><br><br><br>Senior Redenaars | Tjokkies beskik oor baie goeie jong sprekers.<br><br>Twee opleidingsgeleenthede is aangebied: 1 vir die<br><br>Grondslagfase en 1 vir die Senior Fase is gehou.<br>• Interne redenaars – Gr.6-7 in Maart, Gr.4-5 in Mei en Grondslagfase in Augustus. | GSF-wenners:<br>Gr. 1: 1ste: Bea Strauss<br>2de: Anzé Ferreira<br>3de: Liam Coleman<br>Gr.2: 1ste: Caylah Bosch<br>2de: Miné Kruger<br>3de: Gustav Duvenhage<br>Gr.3: 1ste: Vida-Ani Markgraaff<br>2de: Natalee Watson<br>3de: Deanli Bezuidenhout<br>Gr.4: 1ste: Anke Strauss<br>2de: Leamay Bosch<br>3de: Janus Groenewald en Lizbie Spies<br>Gr.5: 1ste: Mariné van Rooyen<br>2de: Géhan Viviers<br>3de: Andréas Rossouw<br>Gr.6: 1ste: Zetske Veldtman<br>2de: Martin Deysel<br>3de: Olivia Grobler<br>Gr.7: 1ste: Juwan van Rooyen<br>2de: Emma Groenewald<br>3de: Mia Boshoff | Deelname aan verskeie kompetisies binne- en buite-skoolverband: ATKV Redenaars (8 leerders), Radikale Redenaars (12 leerders), ATKV DigiPraat en Podiumpret. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Radikale Redenaars:<br>Emma Groenewald en Andréas Rossouw vorder tot by die Vrystaat finaal en eindig beide 2de in hul onderskeie ouderdomme. | |
| Tjokkies In Christus-TIC | Tree-span is nou betrokke by hierdie weeklikse geleentheid.<br><br>Me. Maryka de Bruin van Siloam Gemeente in Universitas bied ook weekliks n leierskapsprogram vir die senior leerders aan.<br><br>Die TIC-span onder leiding van Juf. Nadine Malherbe is betrokke by 'n verskeidenheid aksies.<br><br>Die Geloofsentrum onderleiding van Ds. Thania Botha is ook nou betrokke met veral die ondersteuning van ons ouergemeenskap.<br><br>Tjokkies samel gereeld items in en versprei waar daar 'n behoefte is. | <u>Hulp aan die Tjokkie-gemeenskap:</u><br>• 26 geestesgesondheids-periodes.<br>• 4800 Kospakkies vir die broodjie-projek vir 2025.<br>• Geestelike groei op spesiale dae.<br>• Insameling van verskeie produkte.<br>• Twee Athalia-Uitreike<br>• Tjokkie gesinskamp in September vanjaar.<br>• Terreinwerkers bediening 2 keer per jaar.<br>• GSF – Beleef 'n kinderproduksie. | • Jeugwerker- Ds. Thania Botha is nou betrokke by geestelike, maatskaplike en emosionele welsyn van ons leerders en personeel.<br><br>• Groot dank aan mev. Marli du Toit wat vanjaar ingestaan het vir Ds. Thania tydens haar kraamverlof.<br><br>• Daar is kwartaalliks tussen 20 – 30 leerders ondersteun.<br><br>• 12 Gesinne is met gereelde kospakkies en ander behoeftes, bv. Mediese onkostes, gehelp uit fondse van Geloofsentrum en Tjokkies. |

| 9. Sport | | | |
|---|---|---|---|
| **Sportsoort** | **Algemene Inligting** | **Prestasies / Hoogtepunte** | **Deelname / Betrokkenheid** |
| Atletiek | Kleursport | 7 rekords verbeter.<br>Victor Ludorum: Liam J v Rensburg<br>Victrix Ludorum: Mia Boshoff | Massa deelname. |
| | Sone A | • 15 x goud<br>• 21 x silwer<br>• 15 x brons | 78 atlete neem deel.<br>• Sone A ondervoorsitter & tegniese bestuurder: Mnr. Simon Nieuwoudt |
| | Motheo/Xhariep | Dogters 8 jaar: Algemene beste prestasie Skild<br>Dogters 10 jaar: Algemene beste prestasie Skild<br>Seuns 10 jaar: 3de beste prestasie<br>Dogters 13 jaar: 3de beste prestasie<br>• 7 x goud<br>• 6 x silwer<br>• 4 x brons | 52 atlete neem deel.<br>• Tegniese bestuurder: Mnr. Simon Nieuwoudt |
| | Vrystaat | • 4 x goud<br>• 7 x silwer<br>• 1 x brons | 26 atlete neem deel.<br>• Tegniese bestuurder: Mnr. Simon Nieuwoudt |
| | Nasionaal | Mianique van Straten:<br>80m Dogters 10 jaar<br>• 5de in Suid-Afrika<br>100m Dogters 10 jaar<br>• 8ste in Suid-Afrika | 5 atlete neem deel:<br>• Mia Boshoff |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | 4 x 100m Aflos Dogters 10 jaar<br>• 4de in Suid-Afrika<br><br>Mia Boshoff:<br>75m Hekkies Dogters 13 jaar<br>• 8ste in Suid-Afrika | • Hailey White<br>• Germari J v Rensburg<br>• Mianique van Straten<br>• Leah Steyn |
| Hokkie | Tjokkies het ‘n baie gesonde hokkiedeelname.<br>Deelname vanjaar:<br>• 281 Seuns en 259 meisies neem deel.<br>• 41 afrigters waarvan 13 buite-afrigters was.<br>• 10 Afrigters woon kursusse by en voltooi vlak 0<br>• 2 Afrigters voltooi vlak 1 | <u>Provinsiale deelname:</u><br>5 Spelers is vir SFS spanne gekies<br>• 0/13B Luan Landman & Frans Human<br>• 0/12B Tuané Jansen, Dieter Odendaal en Udo vd Westhuizen<br>• 10 Seunsspanne wen al hulle ligawedstryde.<br>• 2 dogtersspanne het al hulle ligawedstryde gewen. | Betrokkenheid van Tjokkie-personeel buite skoolverband:<br>• Juf. Mianca Opperman<br>• Juf. Sue-Ann Louw en<br>• Mnr. Vano Edem tree op as keurders vir Vrystaat-spanne.<br><br>• Juf. Ursula Helberg dien op die SFS bestuur. |
| Krieket | Tjokkie krieket gaan van krag tot krag.<br>Groter deelname as gevolg van addisionele veld en opknapping van krieketnette.<br><br>Maak gebruik van addisionele afrigters om spanne te help akkommodeer.<br><br>Bied vanjaar die 3de Aton o/11 kriekettoernooi aan.<br>Bied ook vanjaar die eerste O/13 kriekettoernooi aan.<br>• o/13B Toer na Senekal | • Aidan du Toit haal MMC o/13A span | Speel met A-C spanne van O/9 – O/13 in plaaslike liga.<br><br>Aantal aktiewe spelers<br>• O/9 = 67 spelers<br><br>• O/11 = 40 spelers<br><br>• O/13 = 40 spelers |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Landloop | Landloop is ‘n nie-amptelike skoolsport by Tjokkies en skakel in by UV waar oefeninge en kompetisies plaasvind.<br>Atlete neem egter onder Tjokkies deel. Skool hanteer slegs admin en mnr Antonie Botha is die skakelpersoon.<br><br>57 atlete het registreer by ASA om deel te neem aan 7 ligas wat deur die loop van die jaar plaasvind. | Deelname aan Vrystaat byeenkoms.<br>• 22 atlete kwalifiseer om deel te neem.<br><br>SA deelname:<br>• Lenike vd Berg O/9<br>• Leah Steyn O/10<br>• Cailyn de Kock O/13 | Prestasies:<br>• O/9 - Lenike vd Berg 27ste in Suid-Afrika<br>• O/10 - Leah Steyn 33ste in Suid-Afrika<br>• O/13 - Cailyn de Kock 43ste in Suid-Afrika |
| Netbal | Daar word intensief gewerk aan netbalvaardighede veral onder die junior spelers. Voorseisoen klinieke is gehou as voorbereiding vir die ligas.<br>Tjokkies skryf 28 spanne in vir vanjaar se liga.<br><br>**Afrigters woon die volgende by:**<br>• Reëlbespreking<br>• Skeidsregtergradering<br>• Skill Developmentworkshop<br>• Selector’s Workshop<br>• Doelkiniek deur Me. M. Holthausen vir doele en afrigters aangebied.<br>• O/12-O/13 PBS kliniek | <u>Provinsiale deename en uitspele:</u><br><br>**O/13 Vrystaatspelers:**<br>Leane Marais<br>Hailey White<br>Kaylah Meyer<br><br>• **O/13A-span**<br>- Play-offs 2de plek<br>- Vrystaat 1ste plek<br>- SA’s 17de plek<br><br>• **Wesgrow**<br>- Algeheel 4de<br><br>• **O/12 en 13 Hoops**<br>- 0/12, 2de plek<br>- 0/13, 3de plek | Personeel betrokkenheid buite skoolverband:<br><br>O/13 MMED keurder-<br>Me. K Marais<br><br>• Mini-Netbal woon 3 netbaltoernooie gedurende seisoen by.<br><br>• **Ander Toernooie bygewoon**<br>- Willem Postma Aandliga<br>- ITEC Toernooi<br>- Menlo Toernooi<br>- Pres. Steyndag |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rugby | Daar word kliphard gewerk om die rugby van Tjokkies op ‘n hoë standaard te hou.<br>Mnr. Ruan Stanissis was vanjaar betrokke by ontwikkeling van veral ons grondslagfase seuns. Hierdie sessies het deel van hul LO-periodes gevorm.<br><br>Mnr. Albert Keuris het ook waardevolle oefensessies in die voorseisoen met ons senior seuns gehad.<br>Die toevoeging van ‘n tweede rugbyveld het veral die oefeninge baie vergemaklik.<br>Tjokkies kon ook vanjaar ons eie B-span aandreeks suksesvol aanbied. | <u>Provinsiale deelnemers:</u><br>**Vrystaat O/13B**<br>• Janu de Wet<br><br>**Vrystaat O/12A**<br>• Dieter Odendaal<br><br>**Vrystaat O/12B**<br>• Gideon Calldo<br><br>**Vrystaat 7’s Rugby**<br>• O/12A – Gideon Calldo<br>• O/12B – Dieter Odendaal<br>- Wian Pieters<br><br>**Wesgrow Kompetisie**<br>Spanne wat as wenners uit die stryd getree het.<br>• O/9B<br>• O/11B<br>• O/11C | • O/9 span woon ‘n 1-dag toernooi by in Welkom gedurende Aprilvakansie – onoorwonne.<br><br>• O/13A Woon in Februarie naweektoernooi te Jakobsdal by as voorbereiding vir seisoen.<br><br>• April vakansie - O/11A&B asook O/13A&B woon Rugbytoernooi by te Klerksdorp.<br><br>• Personeellede betrokke by Vrystaat Laerskole Rugby:<br>• Mnr. Hennie Botha – O/13 Keurder<br>• Mnr. Ruan Strydom – O/12 Keurder en O/12 B 7’s-afrigter<br>• Mnr. Hermann Davin – Sekretaris van Vrystaat Laerskole Rugby |
| Swem | Aantal swemmers groei jaarliks.<br>Ons swemspan het die jaar 10 meer swemmers gehad as in 2024.<br>Vaardighede word aangeleer en swemmers word opgeskuif na gelang vaardighede verbeter na meer gevorderde groepe. | **VS Laerskole Swemkampioenskappe:**<br>• 69 Tjokkie-swemmers neem deel<br><u>Uitslae:</u><br>• 1 goud<br>• 16 silwer<br>• 7 brons medaljes | Tjokkies gala (Net skool betrokke)<br>Tjokkies GSF Mini gala<br>Tjokkies en Willem Postma Gala<br><br>Tjokkies neem jaarliks deel aan die VS Laerskole Swemkampioenskappe beter bekend as Inter Primêre swemgala met van die meeste |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Groot hoeveelheid Tjokkie-leerders skakel ook by klubs in wat ook hul eie galas aanbied.<br><br>Tjokkies bied 'n eerste GSF swemgala aan. 'n Eerste in die stad. 9 Skole het ingeskryf vir die geleentheid en daar was meer as 150 swemmers wat deelgeneem het. Die skole het baie goeie terugvoer gehad i.v.m. die gala en sien reeds uit na die gala in 2026. | Volgende swemmers wen individuele medaljes:<br>• Janré Slabbert<br>• Cailyn de Kock<br>• Ludwig Niemann<br>• Ruan Bergh<br>• Hanro Aucamp<br>• Jané Tredoux<br>Aflosse wen:<br>• 3 silwer medaljes<br><br>**Trompsburg Gala:**<br>• 31 Swemmers neem deel<br>Die volgende medaljes word ingepalm:<br>• 23 goud<br>• 29 silwer<br>• 15 brons<br><br>Janré Slabbert is tydens die gala as die Victor Ludorum aangewys.<br><br>**Tjokkies Blitsgala:**<br>Die gala word by UFS swembad aangebied met 8 skole wat deelneem. | swemmers van al die skole in die stad.<br><br>Ander galas wat jaarliks ondersteun word.<br><br>• Trompsburg Gala<br>• Bultfontein Afskop Gala<br>• SPS Brandfort Blitsgala<br>• Tjokkies Blitsgala |
| Tennis | Die belangstelling in tennis het die afgelope 5 jaar baie gegroei by die skool. Dit is grootliks te danke aan mnr. Sherwin van Jaarsveld en sy span afrigters van Elite Pro Tennis Akademie. | <u>Provinsiale deelnemers:</u><br>**Suid-Vrystaat:**<br>• Janez Beukes<br>• Jacques Maartens<br>• Ludwig Knauff<br>• Handré Herholdt | <u>Toernooie bygewoon:</u><br>2 seunsspanne en 1 dogtersspan het deelgeneem aan die Rising Star Tennistoernooi in Bloemfontein.<br>Uitslag: |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die belangstelling is veral groot by die Gr.1's wat nuut begin.<br><br>Daar is tans 3 spanne ingeskryf in die 0/11-liga en 0/13-ligas. | • Cayla Rossouw<br>• Ilcke Terry<br>• Emma Groenewald<br><br>**Vrystaat:**<br>• Joshua Nel<br>• Nathan Nel<br>• Handré Herholdt<br><br>**Rising Star Tennistoernooi -** die volgende spelers dring deur na die nasionale finaal van 31 Okt – 2 Nov in Benoni:<br>• Tristan van der Westhuizen<br>• Louis Fourie<br>• Nathan Nel<br>• Joshua Nel | • Eerste seunsspan wen die toernooi.<br>Toere:<br>• 1ste seunsspan toer na Potchefstroom en neem deel aan die NWU Eagles Multi-Surface Laerskole Tennistoernooi van 20-23 Aug.<br>Uitslag:<br>• Eindig derde<br><br>• 1ste dogters en 2de seuns toer na Cradock en neem deel aan die Spar Laerskool Cradock Tennistoernooi van 20-23 Aug. |
| Skaak | Skaak by Tjokkies is baie lewendig en gesond.<br>Skryf vanjaar 5 spanne in vir die Liga.<br><br>Neem deel aan 5 BFN Primary School Festivals wat oor naweke plaasvind. | **Novice span**<br>• Ligawenners<br>• 4 Bordwenners in Liga<br><br>**Junior A span**<br>• Ligawenners<br>• 5 Bordwenners in Liga<br><br>**Junior B span**<br>• Ligawenners<br>• 4 Bordwenners in Liga<br><br>**Senior A span**<br>• Ligawenners | As gevolg van 'n druk sportprogram vind skaakligas gewoonlik op Vrydae-middae plaas.<br><br>Daar vind ook heelwat toernooie reg deur die jaar oor naweke plaas waar ouers hul kinders self kan inskryf. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Tjokkies bied ook 'n Blitsskaak-Toernooi aan waaraan 120 spelers deelgeneem het. | • 7 Bordwenners in Liga<br><br>**Nasionale deelname aan SAJCCC**<br>• Lené de Villiers<br>• Evan Bosch<br><br>**Vrystaat Spelers**<br>• Calem du Toit<br>• Rugard van Wyk<br>• Lené de Villiers<br>• SB Bosch<br>• Jayden Herselman<br>• Evan Bosch<br>• Ewald Herselman | Enkele spelers is gekies om aan die Nasionale Toernooi wat in die Maart/April vakansie in die Kaap plaasgevind het, te gaan deelneem. Dit is baie goeie blootstelling vir ons jong Tjokkie- spelers. |

**Algemene Opmerkings / Aanbevelings**

**MEEGEVOEL**

Tjokkies betuig sy innige simpatie met personeel, ouers en kinders wat geliefdes gedurende die jaar aan die dood afgestaan het.

**'n Skool kan nie ten volle funksioneer sonder die hulp en insette van verskeie rolspelers nie. Daarom my opregte danke en waardering aan die volgende partye betrokke.**

My opregte dank aan:

- Ons Hemelse Vader.
- Departement van Onderwys en mnr. Thswaro Sethoba, ons Kringbestuurder.
- Die Beheerliggaam onder leiding van mnr. Wessel Groenewald asook alle ander lede en voorsitters van hul funksionele komitees
- Ouerkomitee o.l.v. mev. Freda Goosen.
- Gebedsgroep o.l.v mev Katinka Cilliers.
- Ondersteunersklub o.l.v. mnr. Stiaan Janse van Rensburg.
- Die Bestuurspan.
- Die Tjokkie-personeel.

- Tjokkies Preprimêr se personeel.
- Die administratiewe personaeel.
- Mnr Hennie Greyling en die terreinpersoneel.
- Ouers en vriende van die skool.
- Oud leerders.
- Alle borge, groot of hoe klein ookal.

**Toekoms:**
In 2025 het ons ons 55-jarige bestaan gevier. Wat ‘n ongelooflike jaar. Ons sien met verwagting uit na 2026, wanneer ons nog hoër wil skiet. Mag Tjokkies nog lank vir ons kinders en hul kinders gespaar bly. Saam sal ons die uitdagings van die lewe met oorgawe aanvat.

Mag elke gesin ‘n Geseënde Kersfees en ‘n baie voorspoedige 2026 beleef.

**Verslag saamgestel deur:**



**LC Gunter**
**Skoolhoof**
**Datum: Oktober 2025**